# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,40 Woensdag 15 Junie 1988 WINDHOEK Wednesday 15 June 1988 No. 5556

## INHOUD:

*Bladsy*

### GOEWERMENTSKENNISGEWINGS


| | | |
|---|---|---|
| No. 101 | Bepaling van tydperk kragtens artikel 1(2) van die Proklamasie op Amnestie, 1980 (Proklamasie AG. 3 van 1980) | 2 |
| No. 102 | Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972: Magtiging om sekere dokumente te onderteken | 3 |
| No. 103 | Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972: Magtiging om sekere dokumente te onderteken | 3 |
| No. 104 | Wet op Vreemdelinge, 1937: Vansverandering: Cilliers na Scholvin | 4 |
| No. 105 | Proklamering van 'n distrikspad: Distrik Karasburg | 4 |
| No. 106 | Aansoek dat 'n gedeelte van plaaspad 1405 gesluit moet word: Distrik Karibib | 5 |
| No. 107 | Proklamering van 'n plaaspad: Distrik Mariental | 6 |
| No. 108 | Wysiging van die Regulasies op die Beheer van Honde in die Munisipale Gebiede | 7 |


### ALGEMENE KENNISGEWINGS


| | | |
|---|---|---|
| No. 81 | Munisipaliteit Otavi: Wysiging van Modelpersoneelregulasies | 7 |
| No. 82 | Grootfontein Wysigingskema No. 1 | 8 |
| No. 83 | Tsumeb Wysigingskema No. 1 | 8 |
| No. 84 | Erf 4808 Uitbreiding 6 Windhoek: Deproklamasie | 9 |


## CONTENTS:

*Page*

### GOVERNMENT NOTICES


| | | |
|---|---|---|
| No. 101 | Determination of period under section 1(2) of the Amnesty Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 3 of 1980) | 2 |
| No. 102 | Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972: Authorization to sign certain documents | 3 |
| No. 103 | Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972: Authorization to sign certain documents | 3 |
| No. 104 | Aliens Act, 1937: Change of Surname: Cillier to Scholvin | 4 |
| No. 105 | Proclamation of a district road: District of Karasburg | 4 |
| No. 106 | Application that a portion of farm road 1405 be closed: District of Karibib | 5 |
| No. 107 | Proclamation of farm road: District of Mariental | 6 |
| No. 108 | Amendment of the Regulations for the Control of Dogs in Municipal Areas | 7 |


### GENERAL NOTICES


| | | |
|---|---|---|
| No. 81 | Municipality of Otavi: Amendment of Model Staff Regulations | 7 |
| No. 82 | Grootfontein Amendment Scheme No. 1 | 8 |
| No. 83 | Tsumeb Amendment Scheme No. 1 | 8 |
| No. 84 | Erf 4808 Extention 6 Windhoek: Deproclamation | 9 |

| | | |
|---|---|---|
| No. 85 | Stad Windhoek: Permanente sluiting van Ian Eptonstraat, Olympia | 9 |
| No. 86 | Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Kennisgewing - Eiendomsbelasting uitstaande vyf jaar en langer | 10 |
| No. 87 | Stad Windhoek: Permanente sluiting van Erf 1224, Pionierspark | 11 |

| | | |
|---|---|---|
| No. 85 | City of Windhoek: Permanent closing of Ian Epton Street, Olympia | 9 |
| No. 86 | Peri-Urban Development Board: Notice — Rates and taxes outstanding five years and longer | 10 |
| No. 87 | City of Windhoek: Permanent closing of Erf 1224, Pionierspark | 11 |


## Goewermentskennisgewings

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 101 1988

BEPALING VAN TYDPERK KRAGTENS ARTIKEL 1(2) VAN DIE PROKLAMASIE OP AMNESTIE, 1980 (PROKLAMASIE AG. 3 VAN 1980)

Kragtens subartikel (2) van artikel 1 van die Proklamasie op Amnestie, 1980 (Proklamasie AG. 3 van 1980), word hierby bepaal dat 'n sertifikaat in subartikel (1) van daardie artikel bedoel, uitgereik kan word aan 'n persoon wat hom soos in genoemde subartikel (1) beoog, oorgee gedurende die tydperk vanaf 1 Junie 1988 tot en met 30 November 1988.

Op las van die Kabinet.

A.N. MATJILA
Voorsitter van die Kabinet

Windhoek, 30 Mei 1988

## Government Notices

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 101 1988

DETERMINATION OF PERIOD UNDER SECTION 1(2) OF THE AMNESTY PROCLAMATION, 1980 (PROCLAMATION AG. 3 OF 1980)

Under subsection (2) of section 1 of the Amnesty Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 3 of 1980), it is hereby determined that a certificate referred to in subsection (1) of that section may be issued to a person who surrenders himself as contemplated in the said subsection (1) during the period 1 June 1988 up to and including 30 November 1988.

By order of the Cabinet.

A.N. MATJILA
Chairman of the Cabinet

Windhoek, 30 May 1988

## DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. 102 1988

### WET OP DIE REËLING VAN DIE TOELATING VAN PERSONE TOT DIE REPUBLIEK, 1972: MAGTIGING OM SEKERE DOKUMENTE TE ONDERTEKEN

Kragtens artikel 53(2) van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet 59 van 1972), magtig die Kabinet hierby ondergenoemde beamptes, synde amptenare in die regeringsdiens, om 'n permit of sertifikaat wat kragtens genoemde Wet uitgereik kan word, te onderteken:

Olga Scheffers
Sarah Elizabeth Sydie Leppen

Op Las van die Kabinet.

A.N. MATJILA
Voorsitter van die Kabinet Windhoek, 25 Mei 1988

## DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. 102 1988

### ADMISSION OF PERSONS TO THE REPUBLIC REGULATION ACT, 1972: AUTHORIZATION TO SIGN CERTAIN DOCUMENTS

Under section 53(2) of the Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972 (Act 59 of 1972), the Cabinet hereby authorizes the undermentioned officers, being officers in the government service, to sign any permit or certificate which may be issued under the said Act:

Olga Scheffers
Sarah Elizabeth Sydie Leppen

By order of the Cabinet.

A.N. MATJILA
Chairman of the Cabinet Windhoek, 25 May 1988

## DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. 103 1988

### WET OP DIE REËLING VAN DIE TOELATING VAN PERSONE TOT DIE REPUBLIEK, 1972: MAGTIGING OM SEKERE DOKUMENTE TE ONDERTEKEN

Kragtens artikel 53(2) van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet 59 van 1972), magtig die Kabinet hierby ondergenoemde beamptes, synde amptenare in die regeringsdiens, om 'n bevel, lasbrief, permit, sertifikaat of ander dokument wat kragtens genoemde Wet uitgereik kan word, te onderteken:

Pieter Christiaan Rall
Charles Johannes Smit
Avril Jon Peter van Rooi

Op las van die Kabinet.

A.N. MATJILA
Voorsitter van die Kabinet Windhoek, 25 Mei 1988

## DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. 103 1988

### ADMISSION OF PERSONS TO THE REPUBLIC REGULATION ACT, 1972: AUTHORIZATION TO SIGN CERTAIN DOCUMENTS

Under section 53(2) of the Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972 (Act 59 of 1972), the Cabinet hereby authorizes the undermentioned officers, being officers in the government service, to sign any order, warrant permit, certificate or other document which may be issued under the said Act:

Pieter Christiaan Rall
Charles Johannes Smit
Avril Jon Peter van Rooi

By order of the Cabinet.

A.N. MATJILA
Chairman of the Cabinet Windhoek, 25 May 1988

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. 104 1988

WET OP VREEMDELINGE, 1937: VANSVERANDERING: CILLIERS NA SCHOLVIN

Ingevolge artikel 9(1) van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), word hierby bekend gemaak dat die Minister van Plaaslike Owerhede en Burgersake ANGELA CILLIERS, woonagtig te Bachstraat 94, Windhoek-Wes, Windhoek, kragtens genoemde artikel veroorloof het om die van SCHOLVIN aan te neem.

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. 104 1988

ALIENS ACT, 1937: CHANGE OF SURNAME: CILLIERS TO SCHOLVIN

In terms of section 9(1) of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), it is hereby made known that the Minister of Local Authorities and Civic Affairs has under the said section authorised ANGELA CILLIERS, residing at 94 Bachstreet, Windhoek-West, Windhoek, to assume the surname SCHOLVIN.

---

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 105 1988

PROKLAMERING VAN 'N DISTRIKSPAD: DISTRIK KARASBURG

Hierby word -

(a) ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat die Minister van Vervoerwese kragtens artikel 22(1)(b) van genoemde Ordonnansie, in die distrik Karasburg, die pad wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-A1-B op sketskaart P1386 aangetoon word, tot geproklameerde pad verklaar het; en

(b) ingevolge artikel 23(3) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Minister van Vervoerwese kragtens artikel 23(1)(d) van genoemde Ordonnansie die in paragraaf (a) bedoelde pad tot plaaspad (nommer 240) verklaar het.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 105 1988

PROCLAMATION OF A DISTRICT ROAD: DISTRICT OF KARASBURG

It is hereby made known -

(a) in terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that the Minister of Transportation has under section 22(1)(b) of the said Ordinance, in the district of Karasburg, declared the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1386 by the symbols A-A1-B, to be a proclaimed road; and

(b) in terms of section 23(3) of the said Ordinance that the Minister of Transportation has under section 23(1)(d) of the said Ordinance declared the road referred to in paragraph (a) to be a farm road (number 240).

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1386) op die gemeenskaplike grens van die plase Gedeelte 2 van Jerusalem 73 en Gedeelte A van Jerusalem 73 algemeen wesnoordweswaarts en al meer noordweswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (A1 op sketskaart P1386) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordwaarts en al meer noordnoordooswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1386) op die distrikspad 202 op laasgenoemde plaas.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1386) on the common boundary of the farms Portion 2 of Jerusalem 73 and Portion A of Jerusalem 73 generally west-north-westwards and more and more north-westwards across the last-mentioned farm to a point (A1 on sketch-map P1386) on the last-mentioned farm; thence generally northwards and more and more north-north-eastwards across the last-mentioned farm to a point (B on sketch-map P1386) on district road 202 on the last-mentioned farm.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 106 1988

AANSOEK DAT 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1405 GESLUIT MOET WORD: DISTRIK KARIBIB

Ingevolge artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat aansoek by die Voorsitter van die Padraad van Karibib gedoen is dat die gedeelte van plaaspad 1405 wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B op sketskaart P1406 aangetoon word, gesluit moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Usakos, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aansoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 106 1988

APPLICATION THAT A PORTION OF FARM ROAD 1405 BE CLOSED: DISTRICT OF KARIBIB

In terms of section 16(3) of the Roads Ordinance 1972, (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that application has been made to the Chairman of the Roads Board of Karibib that the portion of farm road 1405 described in the Schedule and shown on sketch-map P1406 by the symbols A-B, be closed.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the application refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Usakos, during normal office hours.

Every person having any objection to the above-mentioned application is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1406) op die gemeenskaplike grens van die plase Hureb North 313 en Keises 312, wat ook die gemeenskaplike grens is van die distrikte Windhoek en Karibib, algemeen weswaarts in die distrik Karibib oor die plaas Keisis 312 tot op 'n punt (B op sketskaart P1406) by die aansluiting van plaaspad 1402 op genoemde plaas.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1406) on the common boundary of the farms Hureb North 313 and Keises 312, which is also the common boundary of the districts of Windhoek and Karibib, generally westwards in the district of Karibib across the farm Keises 312 to a point (B on sketch-map P1406) at the junction of farm road 1402 on the said farm.

---

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 107 1988

PROKLAMERING VAN 'N PLAASPAD: DISTRIK MARIENTAL

Hierby word -

(a) ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat die Minister van Vervoerwese kragtens artikel 22(1)(b) van genoemde Ordonnansie, in die distrik Mariental, die pad wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B op sketskaart P1367 aangetoon word, tot geproklameerde pad verklaar het; en

(b) ingevolge artikel 23(3) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Minister van Vervoerwese kragtens artikel 23(1)(d) van genoemde Ordonnansie die in paragraaf (a) bedoelde pad tot plaaspad (nommer 1104) verklaar het.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1367) op grootpad 32 op die plaas Gedeelte 3 van Verraad 171 algemeen noordweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1367) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Restant van Verraad 171.

---

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 107 1988

PROCLAMATION OF A FARM ROAD: DISTRICT OF MARIENTAL

It is hereby made known -

(a) in terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that the Minister of Transportation has under section 22(1)(b) of the said Ordinance, in the district of Mariental, declared the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1367 by the symbols A-B, to be a proclaimed road; and

(b) in terms of section 23(3) of the said Ordinance that the Minister of Transportation has under section 23(1)(d) of the said Ordinance declared the road referred to in paragraph (a) to be a farm road (number 1104).

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1367) on main road 32 on the farm Portion 3 of Verraad 171 generally north-westwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1367) on the common boundary of the said farm and the farm Remainder of Verraad 171.

---

No. 108 1988

WYSIGING VAN DIE REGULASIES OP DIE BEHEER VAN HONDE IN MUNISIPALE GEBIEDE

Die Kabinet het kragtens artikel 15 van die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 (Ordonnansie 13 van 1967) die Regulasies op die Beheer van Honde in Munisipale Gebiede afgekondig by Goewermentskennisgewing 131 van 1968 verder gewysig deur regulasie 17 te skrap.

No. 108 1988

AMENDMENT OF THE REGULATIONS FOR THE CONTROL OF DOGS IN MUNICIPAL AREAS

The Cabinet has under section 15 of the Municipal Dog Tax Ordinance 1967 (Ordinance 13 of 1967) further amended the Regulations for the Control of Dogs in Municipal Areas promulgated under Government Notice 131 of 1968 by the deletion of regulation 17.

## Algemene Kennisgewings

## General Notices

No. 81 1988

MUNISIPALITEIT OTAVI: WYSIGING VAN MODELPERSONEEL-REGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Otavi het kragtens artikel 244(5) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die Modelpersoneelregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 119 van 1969 en op genoemde Munisipaliteit van toepassing gemaak by Goewermentskennisgewing 20 van 1970, verder gewysig deur subregulasie (1) van regulasie 18 deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) Vakansieverlof loop op 'n pro rata-basis op ooreenkomstig die tydperk van voltooide diens: Met dien verstande dat 'n werknemer nie sonder spesiale goedkeuring van die raad op enige stadium meer as 60 werksdae vakansieverlof mag neem nie".

Genoemde wysiging is deur die Minister van Finansies en Owerheidsake goedgekeur kragtens artikel 243 van die genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

No. 81 1988

MUNICIPALITY OF OTAVI: AMENDMENT OF MODEL STAFF REGULATIONS

The council of the Municipality of Otavi has under section 244(5) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the Model Staff Regulations promulgated by Government Notice 119 of 1969 and applied to the said Municipality by Government Notice 20 of 1970, by the substitution for subregulation (1) of regulation 18 of the following subregulation:

"(1) Vacation leave shall accumulate on a pro rata basis according to the period of completed service: Provided that an employee shall not without the special approval of the council at any stage take more than 60 working days vacation leave".

The said amendment has been approved by the Minister of Finance and Governmental Affairs under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

No. 82 1988

GROOTFONTEIN WYSIGINGSKEMA NR. 1

Kennisgewing geskied hierby kragtens Artikel 23 van die Dorpsbeplanningsordonnansie, 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) dat die Grootfontein Wysigingskema Nr. 1 aan die Administrateur-Generaal voorgelê is.

Eksemplare van die Wysigingskema Nr. 1 en kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk, Munisipaliteit Grootfontein, sowel as in kamer 330 van die Tintenpalast, Windhoek, ter insae.

Elkeen wat beswaar het teen die Wysigingskema Nr.1 moet sy beswaar skriftelik voor of op 15 Julie 1988 by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, Privaatsak 13289, Windhoek, indien.

No. 82 1988

GROOTFONTEIN AMENDMENT SCHEME NO. 1

Notice is hereby given in terms of section 23 of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) that the Grootfontein Amendment Scheme No. 1 has been submitted to the Administrator-General for approval.

Copies of the Amendment Scheme No. 1 and of maps, plans, documents and other relevant matters are lying for inspection during office hours at the office of the Town Clerk, Municipality Grootfontein as well as room 330 of the Tintenpalast, Windhoek.

Any person who wishes to object to the approval of the Amendment Scheme No. 1 should lodge his objections in writing to the Secretary, South West African Planning Advisory Board, Private Bag 13289, Windhoek, on or before 15 July, 1988.

No. 83 1988

TSUMEB WYSIGINGSKEMA NR. 1

Kennisgewing geskied hierby kragtens Artikel 23 van die Dorpsbeplanningsordonnansie, 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) dat die Tsumeb Wysigingskema Nr. 1 aan die Administrateur-generaal voorgelê is.

Eksemplare van die Wysigingskema Nr. 1 en kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk, Munisipaliteit Tsumeb, sowel as in kamer 330 van die Tintenpalast, Windhoek, ter insae.

Elkeen wat beswaar het teen die Wysigingskema Nr.1 moet sy beswaar skriftelik voor of op 15 Julie 1988 by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, Privaatsak 13289, Windhoek, indien.

No. 83 1988

TSUMEB AMENDMENT SCHEME NO. 1

Notice is hereby given in terms of section 23 of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) that the Tsumeb Amendment Scheme No. 1 has been submitted to the Administrator-General for approval.

Copies of the Amendment Scheme No. 1 and of maps, plans, documents and other relevant matters are lying for inspection during office hours at the office of the Town Clerk Municipality, Tsumeb as well as room 330 of the Tintenpalast, Windhoek.

Any person who wishes to object to the approval of the Amendment Scheme No. 1 should lodge his objections in writing to the Secretary, South West African Planning Advisory Board, Private Bag 13289, Windhoek, on or before 15 July, 1988.

No. 84 1988

ERF 4808 UITBREIDING 6 WINDHOEK: DEPROKLAMASIE

Kennisgewing geskied hiermee kragtens Artikel 24(1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) dat aansoek ontvang is van die Munisipaliteit van Windhoek vir die deproklamering van Erf 4808 Uitbreiding 6 Windhoek.

Afskrifte van die deproklamering, kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende kantoorure ter insae by die kantoor van die Munisipaliteit van Windhoek sowel as in kamer W330 van die Tintenpalast, Windhoek.

Elkeen wat beswaar het teen bogenoemde deproklamering moet sy beswaar skriftelik by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad (SWABAR), Privaatsak 13289, Windhoek, indien voor of op 15 Augustus 1988.

---

No. 85 1988

STAD WINDHOEK
PERMANENTE SLUITING VAN IAN EPTONSTRAAT OLYMPIA

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/1425/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

Ian Eptonstraat, Olympia

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 193(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZÉ
STADSKLERK

---

No. 84 1988

ERF 4808 EXTENSION 6 WINDHOEK: DEPROCLAMATION

Notice is hereby given in terms of Section 24(1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) that an application has been received from the municipality of Windhoek for the deproclamation of Erf 4808 extension 6 Windhoek.

Copies of the deproclamation and maps, plans, documents and other relevant matters are lying for inspection during office hours at the offices of the municipality of Windhoek and also in room W330 of the Tintenpalast, Windhoek.

Any person who wishes to object to the abovementioned application should lodge his objection in writing to the Secretary, South West African Planning Advisory Board (SWAPAB), Private Bag 13289, Windhoek, on or before 15 August, 1988.

---

No. 85 1988

CITY OF WINDHOEK
PERMANENT CLOSING OF IAN EPTON STREET OLYMPIA

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/1425/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

Ian Epton Street, Olympia.

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P O Box 59, Windhoek, within 30 days after the appearance of this notice.

W J KOTZÉ
TOWN CLERK

---

No. 86 1988

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING

KENNISGEWING

EIENDOMSBELASTING UITSTAANDE VYF JAAR EN LANGER

Kennis geskied hiermee aan die ondergemelde geregistreerde erfeienaars of hul opvolgers in titel, dat die ondergenoemde erwe geleë in buitestedelike gebiede, kragtens regulasie 6(1) van die Raad se Regulasies op Eiendomsbelasting, verkoop sal word ter verhaling van agterstallige eiendomsbelasting en rente, indien u nalaat om dit te betaal binne DRIE MAANDE vanaf datum van laaste publikasie hiervan.

A. KALKFELD

| GEREGISTREERDE EIENAARS | ERFNOMMERS |
|---|---|
| C.E.J. Schneider | 89 |
| J.H. Grobler | 184 |
| K. Samp | 199 |
| K. Samp | 200 |
| K. Samp | 201 |
| H. Jank | 219 |

B. KALKRAND

| GEREGISTREERDE EIENAAR | ERFNOMMER |
|---|---|
| J.A.J. van Zyl | 119 |

C. KAMANJAB

| GEREGISTREERDE EIENAARS | ERFNOMMERS |
|---|---|
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 1 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 48 |
| J.M. van Rensburg | 55 |
| J.M. van Rensburg | 56 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 68 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 69 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 135 |

No. 86 1988

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD

NOTICE

RATES AND TAXES OUTSTANDING FIVE YEARS AND LONGER

Notice is hereby given to the following registered owners or their successors in title that the undermentioned properties in the Peri-Urban areas, in terms of regulation 6(1) of the Board's Regulations on Rates, will be sold to recover arrear rates and interest, should it not be paid within THREE MONTHS from the date of the last publication hereof.

A. KALKFELD

| REGISTERED OWNERS | ERF NO |
|---|---|
| C.E.J. Schneider | 89 |
| J.H. Grobler | 184 |
| K. Samp | 199 |
| K. Samp | 200 |
| K. Samp | 201 |
| H. Jank | 219 |

B. KALKRAND

| REGISTERED OWNER | ERF NO |
|---|---|
| J.A.J. van Zyl | 119 |

C. KAMANJAB

| REGISTERED OWNERS | ERF NO |
|---|---|
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 1 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 48 |
| J.M. van Rensburg | 55 |
| J.M. van Rensburg | 56 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 68 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 69 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 135 |

D. LUDERITZ

| GEREGISTREERDE EIENAARS | ERFNOMMERS |
|---|---|
| R.K. Schultheiss | 469 |
| R.K. Schultheiss | 471 |
| R.K. Schultheiss | 596 |
| R.K. Schultheiss | 597 |
| F.W.H. Mroczkowski | Gedeelte 31 (Gedeelte van Gedeelte G) |

E. MALTAHÖHE

| GEREGISTREERDE EIENAARS | ERFNOMMERS. |
|---|---|
| C. Olsen | 2 |
| J.J. du Rand | 126 |

F. WITVLEI

| GEREGISTREERDE EIENAARS | ERFNOMMERS |
|---|---|
| J. Barrett | 7 |
| J. Barrett | 8 |
| J. Barrett | 9 |
| J. Barrett | 15 |
| J. Barrett | 182 |

G. ARANOS

| GEREGISTREERDE EIENAAR | ERFNOMMER |
|---|---|
| A.F. Meyer | 73 |

D. LUDERITZ

| REGISTERED OWNERS | ERF NO |
|---|---|
| R.K. Schultheiss | 469 |
| R.K. Schultheiss | 471 |
| R.K. Schultheiss | 596 |
| R.K. Schultheiss | 597 |
| F.W.H. Mroczkowski | Portion 31 (Portion of Portion G). |

E. MALTAHÖHE

| REGISTERED OWNERS | ERF NO |
|---|---|
| C. Olsen | 2 |
| J.J. du Rand | 126 |

F. WITVLEI

| REGISTERD OWNERS | ERF NO |
|---|---|
| J. Barrett | 7 |
| J. Barrett | 8 |
| J. Barrett | 9 |
| J. Barrett | 15 |
| J. Barrett | 182 |

G. ARANOS

| REGISTERED OWNER | ERF NO |
|---|---|
| A.F. Meyer | 73 |

---

No. 87 1988

STAD WINDHOEK

PERMANENTE SLUITING VAN ERF 1224 PIONIERSPARK

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windoek van voorneme is om die ondergemelde ge-

No. 87 1988

CITY OF WINDHOEK

PERMENT CLOSING OF ERF 1224 PIONIERSPARK

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indi-

deeltes soos aangedui op plan P/2195/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

OOP RUIMTE ERF 1224 PIONIERSPARK

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 193(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZÉ
STADSKLERK

cated on plan P/2195/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

OPEN SPACE ERF 1224 PIONIERSPARK

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P O Box 59, Windhoek, in accordance with Article 193(3) of the above Ordinance within 30 days after the appearance of this notice.

W J KOTZÉ
TOWN CLERK

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa